UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

# 2020
# *Registrasiegids*



*saam vorentoe · forward together · masiye phambili*

## HIERDIE 2020-REGISTRASIEGIDS BIED DIE REGISTRASIE-INLIGTING VIR DIE VOLGENDE STUDENTE:

*1. Nuwe studente (studente wat vir die eerste keer vir 'n spesifieke graad, diploma of sertifikaat registreer).*
*2. Terugkerende studente (studente wat die vorige jaar by die US geregistreer was en ook vir 2020 toegelaat is).*



# INHOUDSOPGAWE


A. Selfregistrasie (e-registrasie) ..... 1
1. Skedule vir selfregistrasie (e-registrasie) ..... 1
1.1 Nuwe studente ..... 1
1.2 Terugkerende studente ..... 1
B. Ondersteunde registrasie ..... 2
1. Vereistes vir ondersteunde registrasie ..... 2
1.1 Nuwe studente ..... 2
1.2 Nie-Suid-Afrikaanse burgers ..... 2
2. Dokumente wat jy met registrasie moet verskaf ..... 3
2.1 Nuwe studente ..... 3
2.2 Terugkerende studente ..... 3
3. Waar om te registreer (nuwe en terugkerende studente) ..... 4
Plek ..... 4
4. Skedule vir ondersteunde registrasie ..... 4
4.1 Nuwe studente ..... 4
4.2 Terugkerende studente ..... 5
C. Magister- en doktorale studente ..... 8
1. Terugkerende magister- en doktorale studente ..... 8
2. Nuwe magister- en doktorale studente vir 100% tesis-/proefskrif-programme ..... 8
D. Laatregistrasie ..... 8
1. Nuwe studente ..... 8
2. Terugkerende studente ..... 8
3. Laatregistrasiefooi ..... 8
E. Registrasiefooie ..... 9
1. Verpligte fooie betaalbaar voor of op registrasie ..... 9
2. Betaling-uitstelreëling ..... 9
3. Betaling van uitstaande skuld ..... 10
4. Betalingsmetodes ..... 10
5. Afdeling Studentegelde: Kontakbesonderhede en kantoorure ..... 11
F. Modules ..... 12
1. Modulevereistes ..... 12
a) Nuwe studente ..... 12
b) Terugkerende studente ..... 12
2. Verandering van modules ..... 12
a) Wanneer, waar en hoe ..... 12
b) Fooi vir laatveranderinge aan modules ..... 12
G. Verandering van programme ..... 13
1. Nuwe en terugkerende studente ..... 13
H. Studentekaart ..... 13
1. Nuwe studente ..... 13
2. Terugkerende studente ..... 13
a) Aktivering van studentekaart ..... 13
b) Nuwe kaart ..... 14
I. Klas-, toets- en eksamenroosters ..... 14
1. Nuwe en terugkerende studente ..... 14
a) Toegang tot klas-, toets- en eksamenroosters ..... 14
b) Klasrooster: Modules in meer as een groep verdeel ..... 14
J. Aanhou van voertuie op Stellenbosch ..... 15
1. Nuwe en terugkerende studente ..... 15

# A. SELFREGISTRASIE

*(e-registrasie)*

Let asseblief daarop dat jy jou bewys van registrasie ná voltooiing van die selfregistrasieproses moet uitdruk.

## *1. Skedule vir selfregistrasie (e-registrasie)*

### 1.1 Nuwe studente

| | |
|---|---|
| **Datum** | 15–28 Januarie 2020 |
| **Wie** | Slegs studente wat die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) van die Suid-Afrikaanse skoolstelsel of die IEB-eksamens verwerf het.<br>Uitsluitend nuwe nagraadse Ingenieurswesestudente en nuwe Baccalaureus in die Ingenieurswese: Data-ingenieurswese- fokusgroep (Elektries & Elektronies) studente. |
| **Nota** | Jy mag die rekenaargebruikersarea by die Neelsie Studentesentrum (sien kaart aan die einde van hierdie gids) vanaf 20-28 Januarie 2020, 08:00 tot 16:00 vir selfregistrasie gebruik. Beamptes sal op die volgende dae beskikbaar wees om hulp te verleen: 20–24 Januarie 2020 en 27–28 Januarie 2020 (uitsluitende 25–26 Januarie 2020).<br>Indien jy nie van selfregistrasie gebruik kan maak nie kan jy van die ondersteunde registrasieproses vanaf 27 tot 28 Januarie 2020 gebruik maak. |

### 1.2 Terugkerende studente

| | |
|---|---|
| **Waneer** | 15–30 Januarie 2020 |
| **Wie** | Terugkerende voor- en nagraadse studente<br>Alle Ingenieurswese-studente (uitsluitend nagraadse studente) moet van e-registrasie gebruik maak. |
| **Hoe** | As jy nie toegang tot 'n rekenaar het nie, mag jy die rekenaargebruikersarea by die Neelsie Studentesentrum (sien kaart aan die einde van hierdie gids) gebruik, wat vanaf 20-30 Januarie 2020, 08:00 tot 16:00 beskikbaar is, met beamptes wat teenwoordig is om hulp te verleen (uitsluitende 25–26 Januarie 2020). |
| **Nota** | Indien enige foute rakende die geregistreerde program en/of module voorkom, moet dit voor of op Vrydag 14 Februarie 2020 op die studenteportaal by my.sun.ac.za of by die betrokke fakulteitsbeampte in Administrasiegebou blok A reggestel word. |



# B. ONDERSTEUNDE REGISTRASIE

Elke student ontvang met registrasie 'n gedrukte bewys van registrasie, wat die program en modules waarvoor die student geregistreer is, aandui.

## *1. Vereistes vir ondersteunde registrasie*

As jy 'n nuwe student is, moet jy verseker dat jy aan al die toelatingsvereistes van jou gekose studieprogram voldoen voordat jy by die US arriveer.

### 1.1 Nuwe studente

As jy 'n nuwe eerstejaarstudent is, hoef jy nie om jou matriekvrystellingsertifikaat voor registrasie vir die 2020- akademiese jaar aansoek te doen nie; jy moet egter verseker dat jy aan die vrystellingsvereistes voldoen en bevestig dat registrasie in orde sal wees deur jou finale resultate te stuur na:

| | |
|---|---|
| As jy internasionale burgerskap het en in 'n buitelandse skoolstelsel onderrig is | Me Talmarkes by ctalmarkes@sun.ac.za |
| As jy Suid-Afrikaanse burgerskap het en in 'n buitelandse skoolstelsel onderrig is | Me C Grove-Le Guillou by chantalg@sun.ac.za |

### 1.2 Nie-Suid-Afrikaanse burgers

Alle studente wat nie Suid-Afrikaanse burgers is nie moet by registrasie óf 'n permanente verblyfpermit óf 'n studiepermit toon, wat vooraf by die Suid-Afrikaanse Departement van Binnelandse Sake verkry moet word. Die permit moet vir 2020 geldig wees. Indien jy nie die permit met registrasie kan verskaf nie sal jy nie toegelaat word om te registreer nie.



# 2. DOKUMENTE

*wat jy met registrasie moet verskaf*

## 2.1 Nuwe studente

Let asseblief daarop dat afskrifte van sertifikate, selfs al is dit as ware afskrifte van die oorspronklikes gesertifiseer, nie aanvaar sal word as die oorspronklike dokumente nie getoon word nie.

### *a) Nasionale Senior Sertifikaat- of IEB-eksamens*

As jy die skool-eindeksamen aan die einde van 2019 geskryf het, moet jy die volgende verskaf:

- Die oorspronklike Uitslagadvies van die NSS- of IEB-eksamens wat van die betrokke onderwysowerheid ontvang is en 'n afskrif daarvan.

As jy die skool-eindeksamen voor die einde van 2019 geskryf het, moet jy die volgende verskaf:

- Die oorspronklike Uitslagadvies van die NSS- of IEB-eksamens wat van die betrokke onderwysowerheid ontvang is en 'n afskrif daarvan
- Jou oorspronklike NSS en 'n afskrif daarvan.

### *b) Ander skoolstelsels*

As jy in 'n ander skoolstelsel as die Suid-Afrikaanse NSS- of IEB-stelsels onderrig is, moet jy die volgende met registrasie toon:

- Die oorspronklike skoolverlatersertifikaat van die betrokke skoolstelsel en 'n afskrif daarvan
- Die oorspronklike sertifikaat van universiteitsvrystelling uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Matrikulasieraad en 'n afskrif daarvan.

As jy steeds vir jou uitslag wag, sal 'n reëling vir voorwaardelike registrasie getref word.

### *c) Ander universiteite*

As jy 'n nuwe eerstejaarstudent is wat aan ander universiteite studeer het, moet jy die volgende verskaf:

- Bostaande sertifikate
- Jou oorspronklike akademiese rekord en sertifikaat van goeie gedrag en afskrifte daarvan.

As jy 'n nuwe nagraadse student is wat aan ander universiteite studeer het, moet jy die volgende verskaf:

- Jou oorspronklike akademiese rekord en graadsertifikaat en afskrifte daarvan.

## 2.2 Terugkerende studente

### *Uitstaande dokumente*

Terugkerende studente wat nog nie toelatingsbewysdokumente (oorspronklike NSS en/of sertifikate van ander onderwysowerhede) getoon het nie sal slegs mag registreer as hulle die **oorspronklike** uitstaande dokumente as bewys van toelating voor of met registrasie toon.

# 3. WAAR OM TE REGISTREER

*(nuwe en terugkerende studente)*

***Plek***

Universiteit Stellenbosch, Stellenbosch-kampus, Ryneveldstraat, Administrasiegebou blok A (rekenaargebruikersarea – NARGA). Sien kaart aan die einde van hierdie gids.

# 4. SKEDULE VIR ONDERSTEUNDE REGISTRASIE

## 4.1 Nuwe studente

| Fakulteit | Program | Datum | Tyd |
|---|---|---|---|
| **Opvoedkunde** | • BEd (Grondslag- en Intermediêre fase) | 27 Januarie | 08:00–09:00 |
| **Ingenieurswese** | • BIng<br>• Let daarop dat alle nuwe nagraadse Ingenieurswesestudente, sowel as nuwe Baccalaureus in die Ingenieurswese: Data-ingenieurswese-fokusgroep (Elektries & Elektronies) studente, slegs via die ondersteunderegistrasie-proses sal kan registreer. | 27 Januarie | 08:30–09:30 |
| **Regsgeleerdheid** | • LLB<br>• BCom (Regsgeleerdheid)<br>• BRekLLB<br>• BA (Regsgeleerdheid) | 27 Januarie | 09:00–10:30 |
| **Teologie** | • BDiv<br>• BTh | 27 Januarie | 10:30–11:30 |
| **AgriWetenskappe** | • BScAgric<br>• BAgric (Agri-besigheidsbestuur)<br>• BSc in Voedselwetenskap<br>• BSc in Bosbou (Bosbou en Houtwetenskappe)<br>• BSc in Bewaringsekologie | 27 Januarie | 10:30–11:30 |
| **Natuurweten-skappe** | • BSc (alle programme asook VGP) | 27 Januarie | 13:30–15:00 |
| **Ekonomiese en Bestuursweten-skappe** | • BCom (alle programme asook VGP)<br>• BRek | 27 Januarie | 14:30–16:00 |
| **Lettere en Sosiale Wetenskappe** | • BA (Geesteswetenskappe)<br>• BA (Sosiale Dinamika)<br>• BA (Taal en Kultuur)<br>• BA (Ontwikkeling en Omgewing)<br>• BA (Sosio-Informatika)<br>• B in Maatskaplike Werk<br>• BA (Menslike Hulpbronbestuur)<br>• BA (PPE)<br>• BA (Internasionale Studie) | 28 Januarie | 08:30–11:00 |
| | • BA in Visuele Kunste<br>• BA (Drama- en Teaterstudie)<br>• BA (Sportwetenskap) | 28 Januarie | 09:00–09:30 |
| | • Musiek | 28 Januarie | 09:00–10:00 |

## 4.2 Terugkerende studente


Let asseblief daarop dat jy nie op ander datums en tye as in die volgende registrasieskedules aangetoon vir jou program kan registreer nie.

Indien enige foute rakende die geregistreerde program en/of module voorkom, moet dit voor of op Vrydag 14 Februarie op die studenteportaal by my.sun.ac.za of by die betrokke fakulteitsbeampte in Administrasiegebou blok A reggestel word.

| Fakulteit | Program | Datum | Tyd |
|---|---|---|---|
| **Ekonomiese en Bestuurs-wetenskappe** | • BCom (Regsgeleerdheid)<br>• BRekLLB | 28 Januarie | 14:00–15:00 |
| | • BRek<br>• BCom (Bestuursrekeningkunde, Finansiële Rekeningkunde)<br>• Dieselfde registrasieskedule geld VGP-studente. | 30 Januarie | 08:00–09:30 |
| | • BCom<br>• BCom (Aktuariële Wetenskap, Ekonomiese Wetenskappe, Bedryfsielkunde,Internasionale Besigheid, Bestuurswetenskappe, Wiskundige Wetenskappe)<br>• Dieselfde registrasieskedule geld vir VGP-studente. | 30 Januarie | 09:00–11:30 |
| | • Alle nagraadse diplomas, honneurs- en magisterprogramme | 30 Januarie | 10:00–11:30 |
| **Ingenieurswese** | • Studente moet van e-registrasie gebruik maak.<br>• Let daarop dat alle nagraadse Ingenieurswesestudente slegs via die ondersteunderegistrasie-proses sal kan registreer.<br>• Slegs studente wat probleme ondervind, mag in hierdie tydgleuf in NARGA registreer. | 28 Januarie | 14:00–15:00 |



| Fakulteit | Program | Datum | Tyd |
|---|---|---|---|
| **Lettere en Sosiale Wetenskappe** | • BA (Regsgeleerdheid) | 28 Januarie | 14:00–15:00 |
| | • BA (Geesteswetenskappe)<br>• BA (Sosiale Dinamika)<br>• BA (Taal en Kultuur)<br>• BA (Sosio-Informatika)<br>• BA (Ontwikkeling en Omgewing)<br>• BA (Politieke, Filosofiese en Ekonomiese Studies – PPE)<br>• BA (PPE)<br>• B in Maatskaplike Werk<br>• BA (Internasionale Studie)<br>• BA (Menslike Hulpbronbestuur)<br>• Alle honneurs- en magisterprogramme<br>• Alle nagraadse diplomas | 29 Januarie | 08:00–10:30 |
| | • Musiek | 29 Januarie | 08:00–11:00 |
| | • BA (Sportwetenskap)<br>• BA in Visuele Kunste<br>• BA (Drama- en Teaterstudie) | 29 Januarie | 10:30–11:00 |
| **Regsgeleerdheid** | • LLB<br>• LLM<br>• LLD<br>• Nagraadse diplomas | 28 Januarie | 14:00–15:00 |



| Fakulteit | Program | Datum | Tyd |
|---|---|---|---|
| **Opvoedkunde** | • NOS<br>• Gevorderde Diploma in Onderwys<br>• BEd (Algemene Onderwys)<br>• Alle ander nagraadse programme | 29 Januarie | 14:00–15:30 |
| **AgriWetenskappe** | • BScAgric (alle programme en VGP)<br>• BSc in Voedselwetenskap (alle programme)<br>• BAgricAdmin<br>• Alle nagraadse diplomas en honneurs-, magister- en doktorale programme in Landbou<br>• BSc in Bosbou (Bosbou en Houtwetenskappe) en VGP, honneurs-, magister- en doktorale programme in Bosbou<br>• BSc in Bewaringsekologie | 29 Januarie | 14:00–15:30 |
| **Natuurwetenskappe** | • BSc (alle programme en VGP)<br>• Honneurs- en magisterprogramme | 30 Januarie | 14:00–16:00 |
| **Teologie** | • BTh (insluitende VGP)<br>• BDiv<br>• MDiv<br>• MTh<br>• MPhil<br>• Doktorale studies<br>• Nagraadse diplomas | 29 Januarie | 08:00–15:30 |



# C. MAGISTER- EN DOKTORALE STUDENTE

### *1. Terugkerende magister- en doktorale studente*

Terugkerende magister- en doktorale studente moet aan die begin van elke jaar vir die volle tydperk van hul studies totdat die graad toegeken word as studente registreer. Registrasie kan tot **30 Januarie** ingevolge die registrasieskedule gedoen word.

Jy kan van die ondersteunde registrasie of selfregistrasie gebruik maak of per e-pos registreer. Diegene wat per e-pos registreer, word versoek om die toepaslike vorm(s) te voltooi wat aan alle magister- en doktorale studente gestuur word wat vir ten minste 'n jaar vir die program geregistreer was.

### *2. Nuwe magister- en -doktorale studente vir 100% tesis-/proefskrif-programme*

Nuwe magister- en doktorale studente kan tot **27 Maart 2020** vir 100% tesis-/proefskrif-programme registreer.

# D. LAATREGISTRASIE

### *1. Nuwe studente*

Alle nuwe eerstejaarstudente wat nie voor of op Dinsdag **28 Januarie** geregistreer het nie, sal waarskynlik nie toegelaat word om te registreer nie, aangesien programme normaalweg teen daardie tyd reeds vol is. Studente vir wie daar steeds plek beskikbaar is, sal tot Vrydag 14 Februarie tydens normale kantoorure by hul fakulteitsbeampte in Administrasiegebou blok A mag registreer, op voorwaarde dat klasbywoning bevredigend is en met betaling van 'n laatregistrasiefooi.

### *2. Terugkerende studente*

Senior voorgraadse en honneursstudente wat nie teen Donderdag **30 Januarie** geregistreer is nie, sal tot Vrydag **14 Februarie** tydens normale kantoorure by hul fakulteitsbeampte in Administrasiegebou blok A mag registreer, op voorwaarde dat klasbywoning bevredigend is en met betaling van 'n laatregistrasiefooi.

### *3. Laatregistrasiefooi*

Alle studente wat ná die sperdatum soos aangetoon op die registrasieskedule vir die onderskeie studentegroepe vir hul program registreer, moet 'n **laatregistrasiefooi van R500 betaal.**



# E. REGISTRASIEFOOIE

## *1. Verpligte fooie betaalbaar voor of op registrasie*

a. Die volgende bedrae is betaalbaar voor of op registrasie:

| Verpligte eerste paaiement van studiegeld | | Amount |
|---|---|---|
| Voorgraadse graad | | R13 931 |
| Nagraadse graad | | R10 159 |
| Nagraadse diploma/sertifikaat | | R10 159 |
| | | |
| **Verpligte eerste paaiement van inwoningsgeld** | | R13 600 |
| | | |
| **Verpligte eerste paaiement vir student in koshuis (Totale bedrag)** | | |
| Voorgraadse student in koshuis | (R13 931 + R13 600) | R27 531 |
| Nagraadse student in koshuis | (R10 159 + R13 600) | R23 759 |

b. Geen afsonderlike studentegelderekening wat bogenoemde bedrae weerspieël sal tydens registrasie uitgereik word nie. Die toepaslike bedrae raak outomaties verskuldig en betaalbaar sodra jy aanlyn of fisies by die Universiteit registreer.

c. Internasionale studente, nie-residensiële Internasionale studente en Namibiër-studente moet hul volle onderriggelde op die dag van registrasie vereffen.

## *2. Betaling-uitstelreëling*

Indien 'n student se beurs, polis of lening nie die volle eerste verpligte betaling kan dek nie en die student kan bewys lewer dat sy of haar aansoek vir 'n studentelening onsuksesvol was, kan die volgende uitstelreëling getref word, onderhewig aan die aanvaarding van die bepalings van die onderneming:

a. Die eerste verpligte betaling (studie- en inwoningsgelde) kan in gelyke paaiemente, soos hier onder aangedui, tot en met 31 Maart afbetaal word.
b. Die eerste paaiemente, soos hieronder aangedui, is onmiddellik betaalbaar. Die blok sal eers gelig word sodra die eerste paaiement in die rekening reflekteer en die volledig voltooide vorm deur die Afdeling Studentegelde verwerk is.
c. Indien die uitstelreëling in Januarie getref word, beloop die paaiemente die volgende:



| Januarie tot Maart 2020 | |
|---|---|
| Voorgraadse student | R4 644 x 3 |
| Nagraadse student | R3 387 x 3 |
| Voorgraadse koshuisstudent | R9 177 x 3 |
| Nagraadse koshuisstudent | R7 920 x 3 |

d. Indien die uitstelreëling in Februarie getref word, beloop die paaiemente die volgende:

| Februarie tot Maart 2020 | |
|---|---|
| Voorgraadse student | R6 966 x 2 |
| Nagraadse student | R5 080 x 2 |
| Voorgraadse koshuisstudent | R13 766 x 2 |
| Nagraadse koshuisstudent | R11 880 x 2 |

Die uitstelreëlingsvorm is eers in Januarie 2020 op versoek by die Afdeling Studentegelde beskikbaar en die uitstelreëling is afhanklik van goedkeuring deur die Afdeling Studentegelde.

## *3. Betaling van uitstaande skuld*

Alle agterstallige bedrae vereffen moet wees voordat 'n student vir 2020 mag registreer. Neem kennis dat die Universiteit ongelukkig nie enige afbetalingsooreenkoms aangaande uitstaande skuld kan sluit nie.

## *4. Betalingsmetodes*

### a) Aanlyn betaling

Aanlyn betalings is moontlik op die Afdeling Studentegelde se webruimte by www.maties.com.

- Klik op "Gelde".
- Kies "Aanlyn betaling van studentegelde".
- Volg die instruksies en betaal by wyse van 'n kredietkaart of "EFT" (elektroniesefondsoorplasing in Afrikaans).



## b. SnapScan

SnapScan is 'n mobiele toep (app) waarmee jy kontantlose betalings kan maak. Die binne-toep-betalingsmeganismes sal dit vir studente moontlik maak om rekeningbetalings van studentegelderekeninge te doen, asook betalings vir voorafbetaalde dienste, soos drukkersdienste, wasdienste en etes.

Voordeel van aanlyn betalings: Die kwitansie word onmiddellik verwerk en gevolglik is daar geen vertraging gedurende die registrasietydperk rakende die betaling van die verpligte eerste paaiement(e) nie.







## *5. Afdeling Studentegelde: Kontakbesonderhede en kantoorure*

| | |
|---|---|
| Kantoorure vir navrae: | Maandae tot Vrydae, 08:00 tot 16:30 |
| Kantoorure vir betaling by kassiere: | Maandae tot Vrydae, 08:00 tot 15:30 |
| Telefoonnommer tydens registrasie: | 021 808 9523/9522/4386/9521 |
| E-posadres (rakende studentegelde): | studentegelde@sun.ac.za |



# F. MODULES

### *1. Modulevereistes*

#### a) Nuwe studente

In talle modules is daar ander modules wat as slaag-, voor- en newevereistes vir die betrokke modules geld voordat dit geneem kan word. Eerstejaarstudente hoef slegs te let op moontlike newevereistes wanneer hulle eerstejaarmodules aan die begin van die jaar kies, maar met aanvang van die tweede semester kan slaag- en voorvereistes moontlik geld. Inligting hieroor is in die fakulteitsjaarboeke beskikbaar.

#### b) Terugkerende studente

Let asseblief daarop dat jy moet verseker dat jy aan al die slaag-, voor- en newevereistes van die modules waarvoor jy geregistreer het, voldoen. Raadpleeg asseblief die betrokke fakulteitsbrosjures hiervoor.

### *2. Verandering van modules*

#### a) Wanneer, waar en hoe

| Sperdatum | Wie | Waar/Hoe |
|---|---|---|
| 31 Januarie (08:00–12:00) | Dit is 'n spesiale reëling wat slegs geld vir studente van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, Fakulteit Natuurwetenskappe en die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. | Administrasiegebou blok A, NARGA-rekenaarlokaal |
| 14 Februarie | Studente van alle fakulteite (die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, Fakulteit Natuurwetenskappe en die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe uitgesluit). | Veranderinge moet op die e-registrasieplatform by my.sun.ac.za aangebring word |

#### b) Fooi vir laatveranderinge aan modules

Moduleveranderinge kan tot **14 Februarie 2020** aangebring word.
Enige moduleveranderinge ná hierdie datum, waarvoor toestemming deur die betrokke fakulteitsbeampte gegee is, is onderhewig aan 'n fooi van R100.



# G. VERANDERING VAN PROGRAMME

### *1. Nuwe en terugkerende studente*

Studente in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, Fakulteit Natuurwetenskappe en die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe wat ná selfregistrasie of NARGA-registrasie van program wil verander (dit is egter nie altyd op hierdie stadium moontlik nie), kry 'n spesiale geleentheid om die veranderinge op **Vrydag 31 Januarie** tussen **08:00 en 12:00** in NARGA aan te bring, met ander woorde voordat die klasse op **Maandag 3 Februarie** begin.

# H. STUDENTEKAART

Let asseblief op die inligting rakende die misbruik van die studentekaart in Deel 1 (Algemeen) van die Universiteitsjaarboek in die hoofstuk oor Toelating en Registrasie.

### *1. Nuwe studente*

Elke student moet ná registrasie 'n studentekaart verkry. Die studentekaart word vir verskeie aktiwiteite benodig en moet altyd in jou besit wees wanneer jy op kampus is.

Ná registrasie moet jy bewys van betaling van registrasiefooie by die volgende lokale toon om jou studentekaart te verkry:

| Wanneer | Waar |
|---|---|
| 15 Januarie – 4 Februarie | Die Neelsie Studentesentrum (gebou B, sien kaart aan die einde van hierdie gids) |
| 5 Februarie tot later | Administrasiegebou blok A, IT Hub (sien kaart aan die einde van hierdie gids) |

### *2. Terugkerende studente*

#### a) Aktivering van studentekaart

As jy steeds jou studentekaart van 2019 het en dit weer gaan gebruik, hoef jy dit nie vir 2020 te laat aktiveer nie, aangesien dit outomaties geaktiveer sal word nadat jy vir 2020 geregistreer het en die eerste betaling van jou fooie vir die jaar gedoen het.



### b) Nuwe kaart

As jy nie meer jou studentekaart van 2019 het nie, of as jy 'n nuwe kaart met 'n nuwe foto wil hê, kan jy dit as volg verkry:

| Wanneer | Waar |
|---|---|
| 15 Januarie – 4 Februarie 2020 | Die Neelsie Studentesentrum |
| 5 Februarie tot later | Administrasiegebou blok A, IT Hub |

# I. KLAS-, TOETS- EN EKSAMENROOSTERS

## *1. Nuwe en terugkerende studente*

### a) Toegang tot klas-, toets- en eksamenroosters

Die klas-, toets- en eksamenroosters sal slegs op die studenteportaal by my.sun.ac.za beskikbaar wees. 'n Spesiale brosjure met inligting oor toegang tot hierdie roosters sal voor en ná die registrasieprogram by die Inligtingstoonbank in blok A van die Administrasiegebou beskikbaar wees


Maak asseblief seker dat jy voor **Maandag 3 Februarie**, die dag waarop klasse begin, 'n afskrif verkry en jou klasrooster bepaal. Inligting oor roosters sal ook tydens sekere sessies van die Verwelkomingsprogram aan nuwe studente gegee word.

### b) Klasrooster: Modules in meer as een groep verdeel

Vir sommige eerstejaarmodules is daar meer as een groep, byvoorbeeld Chemie 114 (Groep 1) en Chemie 114 (Groep 2). Hierdie groepe se klasse word op verskillende tye op die rooster geskeduleer.

Eerstejaarstudente wat sulke modules neem, sal vanaf **Donderdag 30 Januarie** hul groeptoewysing op die studente-portaal, my.sun.ac.za, kan verkry.

Meer inligting hieroor sal tydens die Verwelkomingsprogram gegee word. Bywoning van alle sessies van hierdie program is dus baie belangrik.



# J. AANHOU VAN VOERTUIE

*op Stellenbosch*

### *1. Nuwe en terugkerende studente*

As jy 'n privaat voertuig op die Universiteit se perseel wil parkeer, moet die voertuig elektronies by die betrokke Universiteitsafdeling geregistreer word. Sien die webblad by http://www.sun.ac.za/mobility-parking vir volledige inligting oor vervoer, parkering, instruksies en die hantering van oortredings.

